basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2015

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 vrae. Beantwoord slegs NEGE vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Bestaan uit VYF vrae.
   Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 1 en VRAAG 2 in hierdie afdeling het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

   AFDELING B: Bestaan uit SEWE vrae.
   - Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10 het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.
   - Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 11 en VRAAG 12 het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.

   **LET WEL:** Indien jy gevra word om *te verduidelik/breedvoerig te skryf/ te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk*, skryf jou antwoord in volsinne en gee soveel inligting as moontlik. Eenwoord-antwoorde sal NIE aanvaar word NIE.

5. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Goeie Afrikaans te gebruik (skryf slegs in een taal)
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beplan jou tyd:
   - Spandeer ongeveer 60 minute aan AFDELING A: 40 punte
   - Spandeer ongeveer 120 minute aan AFDELING B: 60 punte

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 1 en VRAAG 2.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

### VRAAG 1: SKELET (Keusevraag)

1.1 Gee die anatomiese name van die bene gemerk **A–C** in PRENT 1 van 'n skelet hieronder. (3)


1.2 Dui aan of die volgende dele van die skelet aan die as- of die appendikulêre skelet behoort:

1.2.1 D (1)
1.2.2 E (1)

1.3 Identifiseer DRIE dele van die ruggraat wat beweeglik is. (3)

1.4 Noem TWEE anatomiese aksies wat in hierdie beweeglike dele van die ruggraat moontlik is. (2)

**PRENT 1**




[Bron: www.pinterest.com] **[10]**


**OF**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: SPIERE, GEWRIGTE EN AKSIES (Keusevraag)**

Bestudeer PRENT 2 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PRENT 2**




[Bron: *Tutu*, Greg Barrett, ISBNL – 86508-08-7]


2.1 2.1.1 Benoem die spiere wat **A–C** hierbo gemerk is. (3)

2.1.2 Watter anatomiese aksie vind in die danser se gewrigte, **D** en **E**, plaas? (2)

**EN**

Bestudeer PRENT 3 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PRENT 3**




[Bron: www.pinterest.com]

2.2 2.2.1 Noem EEN anatomiese aksie wat in die vroulike danser se regterheup plaasvind. (1)

2.2.2 Noem EEN spier wat vir die anatomiese aksie, wat in VRAAG 2.2.1 hierbo genoem is, verantwoordelik is. (1)

2.3 2.3.1 Noem die anatomiese aksie van die manlike danser se enkels. (1)

2.3.2 Noem EEN spier wat vir die aksie in die manlike danser se enkels verantwoordelik is. (1)

2.4 Noem EEN spier wat vir die laterale fleksie van die vroulike danser verantwoordelik is. (1)
**[10]**

**VRAAG 3: FIKSHEIDSKOMPONENTE**

Dit is baie belangrik vir 'n danser om soepel te wees en uithouvermoë te hê.

3.1 Beantwoord die vrae wat volg.

3.1.1 Noem DRIE maniere om kardiovaskulêre uithouvermoë buite die dansklas te ontwikkel. (3)

3.1.2 Verduidelik TWEE maniere waarop kardiovaskulêre uithouvermoë 'n danser se opvoering/danswerk positief kan beïnvloed. (2)

3.2 Verduidelik TWEE maniere waarop 'n gebrek aan soepelheid 'n danser se opvoering/danswerk kan beïnvloed. (2)

3.3 Vergelyk *statiese strekwerk* met *dinamiese strekwerk*. Kopieer die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK en voltooi dit soos aangedui.

| STATIESE STREKWERK | DINAMIESE STREKWERK |
|---|---|
| Definisie: | Definisie: |
| Doel/Rol: | Doel/Rol: |
| Voordele van hierdie tipe strekwerk: | Voordele van hierdie tipe strekwerk: |
| Voorbeeld van 'n statiese strek: | Voorbeeld van 'n dinamiese strek: |

(8 x 1) (8)
**[15]**

## VRAAG 4: BESERINGS

Dans is 'n fisies veeleisende aktiwiteit en as gevolg van die tipes bewegings wat dansers uitvoer en die herhaling daarvan, is dansers vir sekere beserings vatbaar.

Beantwoord die volgende vrae.

4.1 Gee 'n duidelike definisie van 'n *ligament*. (1)

4.2 Gee 'n duidelike definisie van 'n *sening*. (1)

4.3 Wat is *tendinitis*? (1)

4.4 Beskryf TWEE verskillende oorsake van tendinitis. (2)

4.5 Skryf 'n verduideliking vir elke letter van die behandeling genoem BRYKE ('PRICE') neer. (5)
**[10]**

## VRAAG 5: KONSENTRASIE EN STEREOTIPERING

5.1 Gee jou portuurgroep TWEE redes waarom dit noodsaaklik is dat dansers ten volle moet konsentreer om op hulle beste te dans of op te tree. (2)

5.2 Dansers word dikwels ontmoedig om te dans as gevolg van hulle liggaamsbou. Na jou mening, is daar 'n ideale liggaamsbou vir 'n danser? Beredeneer hierdie stelling. (Skryf 'n paragraaf van ten minste 60 woorde.) (3)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: OPVOERRUIMTES EN DANSVERWANTE LOOPBANE

Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: www.pinterest.com]

6.1 Noem die tipe verhoog wat in die foto hierbo getoon word. (1)

6.2 Skryf 'n paragraaf en verduidelik wat die voordele van die gebruik van so 'n verhoog vir danschoreografie kan wees. (3)

6.3 Mense met sekere tipes vaardighede word benodig om produksies te bestuur in 'n teater soos die een in die foto hierbo.

Noem DRIE loopbane wat op produksie-elemente fokus en gee 'n duidelike beskrywing van hulle kernwerksfunksies. (6)
**[10]**

## VRAAG 7: INHEEMSE AFRIKA-DANS

Jy is gevra om 'n les vir die graad 11-Dansstudies-klas oor 'n inheemse Suid-Afrikaanse dans, en die oorsprong en funksies daarvan in die samelewing aan te bied.

**Noem die spesifieke dans waaroor jy skryf.**

Berei leersame aantekeninge voor wat die inheemse Suid-Afrikaanse dans, asook die beweging en simboliek, beskryf. **[9]**

## VRAAG 8: IMPROVISASIE EN KOMPOSISIE

8.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die woord/term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.1.1 Simmetrie | A die gehalte of verskeidenheid, kontras of krag van enige beweging wat uitgevoer word |
| 8.1.2 Dinamiek | B al die dansers doen op dieselfde tyd dieselfde bewegings |
| 8.1.3 Eenheid | C dansers begin een na die ander 'n frase |
| 8.1.4 Kanon | D 'n vorm wat aan die linkerkant en die regterkant van die liggaam identies is |

(4 x 1) (4)

8.2 Uit jou eie ondervinding, ontleed hoe improvisasie jou kan help om in jou dansopvoering en choreografie uitdrukkingsvol en kreatief te wees. (Skryf 'n paragraaf.) (3)

8.3 Hoe kan jy verskillende soorte elektroniese tegnologie op 'n kreatiewe wyse gebruik om jou te help wanneer jy 'n danswerk choreografeer?

Kies TWEE voorbeelde hieronder en motiveer hoe jy elkeen sou gebruik wanneer jy choreografeer:

8.3.1 Selfone

8.3.2 Rekenaars

8.3.3 Klanktegnologie

8.3.4 Videotegnologie (4)

**[11]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 9: SUID-AFRIKAANSE DANSWERKE – *FOUR SEASONS* (Keusevraag)**

Lees die resensie deur Angeliki Theodorou (2014) hieronder.

> Die beroemde Suid-Afrikaanse choreograaf, Gregory Maqoma, gebruik die sikliese patroon van die seisoensveranderinge in *Four Seasons* om die groei en agteruitgang en die warm hoogtepunte en koue laagtepunte van die mens se gees uit te beeld. Maqoma dra ook 'n universele boodskap oor van hoe die wêreld aan die genade van mensehande oorgelaat is.
>
> [Bron: www.artslink.co.za. Toegang verkry op 30/06/2015.]

Met verwysing na hierdie resensie, beskryf die danswerk en bespreek in opstelformaat hoe Maqoma sy boodskap aan die gehoor oordra.

Sluit die volgende by jou opstel in:

- Die sinopsis/bedoeling
- Produksie-elemente
- Bewegings
- Simboliek **[16]**

**OF**

**VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE DANSWERK (Keusevraag)**

> Suid-Afrikaanse choreograwe is aan die voorpunt om innoverende danswerke te skep wat die persepsies van die gehoor uitdaag.

Kies EEN van die voorgeskrewe danswerke hieronder en bespreek in opstelformaat hoe hierdie werk gehore se persepsies uitdaag.

Sluit die volgende by jou opstel in:

- Die naam van die danswerk en die choreograaf oor wie jy skryf
- 'n Kort beskrywing van die dans
- Bewegingswoordeskat
- Produksie-elemente
- Simboliek

| **DANSWERKE** | | **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** |
|---|---|---|
| *Orpheus in the Underworld* | *Carmen* | Veronica Paeper |
| *Gula Matari* | | Vincent Mantsoe |
| *Last Dance/Bolero* (noem oor watter weergawe jy antwoord) | *Cargo*<br>*I am Cinnamon*<br>*Rain in a Dead Man's Footprints* | Alfred Hinkel |
| *Tranceformations* | | Sylvia Glasser |
| *Bessie's Head* | | Gary Gordon |
| *Flamenco de Africa* | | Mavis Becker |
| *Blood Wedding* | | Hazel Acosta |
| *Imagenes* | | Carolyn Holden |
| *Swan Lake* | *Romeo and Juliet* | Dada Masilo |

**[16]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 11 en VRAAG 12.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 11: MARTHA GRAHAM (Keusevraag)**

11.1 Waarom word daar na Martha Graham as een van die baanbrekers van vroeë kontemporêre dans verwys? (Skryf 'n paragraaf.) (3)

11.2 Identifiseer DRIE sleutelfigure en skryf breedvoerig oor hoe hulle 'n groot invloed op Graham se loopbaan as danser en choreograaf gehad het. (6)

11.3 Skryf breedvoerig oor die VYF hoofkenmerke of -beginsels wat Graham se danstegniek en -styl definieer. (5)
**[14]**

**OF**

**VRAAG 12: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF (Keusevraag)**

Kies EEN van die internasionale choreograwe hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **INTERNASIONALE CHOREOGRAWE** |
|---|
| George Balanchine |
| Alvin Ailey |
| Christopher Bruce |
| Mathew Bourne |
| Pina Bausch |
| William Forsythe |
| Mats Ek |
| Rudi van Dantzig |
| Jiri Kylian |

12.1 Noem die choreograaf wat jy uit die lys hierbo gekies het.

12.2 Beskryf DRIE hoofbydraes wat hy/sy op dansgebied gemaak het. (Skryf 'n paragraaf.) (3)

12.3 Lewer breedvoerig kommentaar op DRIE hoofinvloede wat 'n groot impak op sy/haar loopbaan as danser en choreograaf gehad het. (6)

12.4 Skryf breedvoerig oor die hoofkenmerke of -beginsels wat sy/haar danstegniek en -styl definieer. (5)
**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou